Kieliekrankie Kleuterskool

Beleid 2017

KIELIEKRANKIE KLEUTERSKOOL

BELEID

Liewe Ouers,

Kontakbesonderhede

ONS NOMMER IS: 021 827 1724

My persoonlike nommer 0725974246 moet asseblief NET in noodgevalle gebruik word. Andersins, maak asseblief gebruik van my email soos hieronder aangedui:

info@blaauwbergacademy.co.za

Baba-afdeling

Ons volg 'n ontwikkelingsprogram wat verskillende aktiwiteite op elke baba se ouderdom insluit. Hierdie aktiwiteite fokus onder andere op grootspier-ontwikkeling, sensoriese ontwikkeling en taalontwikkeling. Elke baba volg sy eie program volgens sy/haar vermoë en verslag word aan ouers gegee oor die vordering.

Skoolfooie

Die fooie vir voldag (07:00-18:00) beloop R2650 per maand per kleuter. Vir twee kleuters uit een gesin is die kostes R5100 per maand. Dit sluit etes en verversings in.

Halfdag fooie (07:00-13:00) beloop R2400 per kleuter, en vir twee kleuters uit een gesin is die fooie R4600 per maand. Halfdag fooie sluit ontbyt, oggend-verversings en middagete in.

Kieliekrankie Kleuterskool

Beleid 2017

LET WEL:

- **Maandelikse fooie is vooruit betaalbaar, elke maand voor of op die 3de.**
- **Daar sal 'n boete van R250 vir betalings na die derde wees, asook R50 vir elke dag daarna.**
- Die fooie is betaalbaar vir 12 maande van die jaar.
- 'n Inskrywingsfooi van **R600** is betaalbaar met registrasie.
- Indien die kleuter, vir watter rede ookal, vir 'n tydperk afwesig is, is die volle fooie steeds betaalbaar.

Bankbesonderhede:

BRA Academy

Bank: Standard Bank

Rekening Nommer: 30 122 129 4

Tak kode: 022209

Tjek Rekening

Skoolure

Maandae tot Donderdae: 07:00 – 18:00

Vrydae: 07:00 – 17:30

'n Boete van R50 vir elke 15 minute per kleuter sal betaal word indien 'n kind later as 18:00 opgelaai word, of Vrydae later as 17:30.

Kieliekrankie is regdeur die jaar oop, ook tydens alle skoolvakansies waar ons vakansieprogramme sal volg, behalwe oor Desember/Januarie sal die skool vir ±3 weke gesluit wees. Die volle skoolfooie word ook vir Desember gehef.

Kieliekrankie Kleuterskool

Beleid 2017

Die skool sal gesluit wees op openbare vakansiedae, asook op skoolvakansiedae wanneer die openbare vakansiedag op ‘n Dinsdag of Donderdag val. Bedoelende indien die openbare vakansiedag op ‘n Dinsdag of ‘n Donderdag is sal ons saam met die ander skole gesluit wees op die Maandag of op die Vrydag.

Medisyne

Indien u kleuter op enige vorm van medikasie is moet dit in die medisynekas by die toonbank geplaas word en in die medisyneboek aangeteken word. Vitamiene aanvullings moet asseblief by die huis gegee word. GEEN MEDISYNE IN ‘N KIND SE TAS NIE ASB!

Kleredrag

Omdat ons dagprogram onder andere uit kunsaktiwiteite en bewegingspele bestaan, moet kleuters verkieslik gemaklike klere aantrek.

- ALLE persoonlike besittings moet asb. gemerk word.
- Nuwe klere moet liefs nie skool toe gedra word nie. .
- Ons verkies dat kleuters in die somer sonder skoene skool toe kom.

Benodighede

- 3 stelle ekstra klere en onderklere asook ‘n ekstra paar sokkies in die winter.
- Hoed en sonskerm. Smeer asb. u kind elke oggend by die huis ook, veral in die somer.
- Peuters wat nog op die doek is: genoeg doeke, boudjie salf, wet-wipes. GEMERK ASB.

Vorderingsverslae

- Assessering en waarneming vind deurlopend plaas.
- Skriftelike verslae word in die middel en aan die einde van elke jaar uitgereik.

Buite- kurrikulêre aktiwiteite

Buite- kurrikulêre aktiwiteite word gedurende skooltye by die skool aangebied. Hierdie aktiwiteite is opsioneel en die fooie hiervan word direk aan die betrokke persoon betaal.

Kleuters kan tans kies tussen Playball (Dinsdae), Junior Jive(Donderdae) of albei. Ons het blaadjies met meer inligting in die voorportaal.

Kommunikasie

Ouers moet in ag neem dat onderwyseresse tussen 08:30 en 12:30 met die dagprogram besig is en nie altyd oproepe kan ontvang nie. 'n Boodskap kan gelos word indien dit dringend is en ons sal u terugskakel sodra ons kan.

Neem asseblief die vrymoedigheid om per afspraak enige iets met ons te kom bespreek, verkieslik in die middae, aangesien dit soggens inbreek maak op die dagprogram. U is ook welkom om met u kind se klasonderwyser 'n belangrike situasie of geval te bespreek, maar geensins met die assistente nie ASB. Indien u dit nie kan oplos met die onderwyser nie kan u dit met my bespreek.

Sekuriteit

Ons kinders se veiligheid is vir ons baie belangrik, daarom vra ons dat alle ouers hulle samewerking sal gee met die sekuriteitsreëls.

- Maak asb. seker dat die sekuriteitshek agter u toegemaak word sodat geen ongemagtigde persone die perseel kan betree nie.
- Skriftelike toestemming moet gegee word indien 'n ander persoon as die normale die kind kom haal.

Mediese en persoonlike inligting

- Stel ons asb. in kennis van enige telefoon- of adresveranderinge.
- Ouers wat nog nie afskrifte van hul kinders se immuniserings- en mediese fonds kaarte gebring het nie, moet dit asb. so gou as moontlik doen.

- Maak ook seker dat u asb die skool se vrywaringsvorms voltooi het.

Kunsbenodighede

Ouers is welkom om die volgende saam te stuur vir ons kunsaktiwiteite:

- Koerantpapier
- Klein boksies (medisyne, tandepasta, ens)
- Afval lap, papier ens.
- Toiletrolletjies
- Gebruikte A4 papiere
- Polistereen, eierboksies, eierdoppe, doppies, proppies
- Enige iets anders wat julle dink ons kan gebruik

Algemeen

- Om dit vir u en u kleuter te vergemaklik om soggens afskeid te neem, vra ons dat ouers dadelik die kleuter sal groet en vertrek. Dit help as die kind aan die hand gevat word en self instap, nie gedra word nie.
- GEEN leerder moet asb die skool binnekom met kossies in die hand of in die sak nie. Dit veroorsaak maar 'n bietjie ongelukkigheid tussen hulle en die ander leerders wat nie iets het nie.
- Kinders wat enige aansteeklike siekte het moet asb. tuis bly totdat hulle heeltemal gesond is.
- Stel asb. die skool in kennis indien u kind nie skool toe kom nie.

Baie dankie vir u samewerking, ons waardeer dit opreg.

Carol-Ann Wiese